

24 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 9:1-15
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 9:1-5

Kyk gereeld na uself in die spieël van die wet!

Na afloop van die Babiloniese ballingskap is daar by die Jode hernieude belangstelling ín en waardering vír die wet. Hulle begryp dat ongehoorsaamheid die oorsaak van al hulle ellende was. Daarom word daar ná die twee samekomste van hoofstuk 8 nou selfs 'n derde samekoms gereël waarby die wet as skat gekoester kon word. Dit is of die volk nie genoeg van die wet kon kry nie!

Die vorige twee samekomste was feesgeleenthede. Nou is dit 'n geleentheid vir skuldbelydenis en verootmoediging. Die volk moet uiting gee aan hulle ontsteltenis oor hulle en hulle voorouers se sondes. Let veral in vers 1 op die totale oorgawe van die volk. Hulle is inderdaad in rou oor die sondes waardeur hulle verhouding met God en hulle naaste so grondig versteur is!

Die wet waak nie alleen oor God se eer nie, maar dit spel ook die grense van ware lewe en vryheid duidelik vir ons uit. Jesus Christus het aan 'n vloekhout gesterf om ons van ons dodelike eewilligheid te bevry en ons in 'n korrekte verhouding met God en ons naaste te herstel. Sonde is daarom nie sommer 'n kleinigheid nie. Dit is 'n kru daad van ongeloof waardeur die lewens van mense en volke ingrypend beïnvloed word.

Toets uself voortdurend en ootmoedig aan die volmaakte eise van God se wet. Dan kan u u sondes betyds ontdek. Deur opregte bekering kan u terugkeer na waar u hoort en waar u opnuut in die seën van u Vader kan deel!

Sing: Psalm 112:1, 2, 3 (Cloete)

Ds Koos Cloete (Koster)